Sonnerad

NUUSBRIEF VAN DIE SA VERENIGING VIR KULTUURGESKIEDENIS
NEWSLETTER OF THE SA SOCIETY FOR CULTURAL HISTORY

JG 29, NR 1 EN 2 JUNIE/NOVEMBER 2012
VOL 29, NO 1 AND 2 JUNE/NOVEMBER 2012

RAAD- EN ALGEMENE JAARVERGADERINGSAKE (2012)

Die Algemene Jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis (SAVK) het op 20 Julie 2012 in Pretoria plaasgevind. Bogenoemde is voorafgegaan deur die Raadsvergadering op 19 Julie 2012.

Tydens beide vergaderings is daar met hartseer verneem van Mej H. Turkstra van Potchefstroom se afsterwe. Mej Turkstra was ‘n jarelange aktiewe lid van die Vereniging.

Ook tydens beide vergaderings is Prof Matilda Burden met haar nuwe rol by die Noordwes Universiteit geluk gewens. Sien bladsy 7.

Gedurende die Vereniging se Algemene Jaarvergadering is ‘n nuwe bestuur verkies. Kyk wie hulle is op bladsy 4.

Soos gewoonlik is verslag met betrekking tot Finansies, Ledesake, Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis, Sonnerad, Suidelike Streektak en Noordelike Streektak gelewer. Die Voorsittersverslag het bogenoemde voorafgegaan.

Aanvevelings tydens die Algemene Jaarvergadering gemaak met betrekking tot die Akkreditasie proses sal in die grondwet opgeneem

word vir goedkeuring in 2013.

Leonie Marais-Botes

NASIONALE KONGRES 20-21 JULIE 2012



Die Nasionale Kongres van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis (SAVK) in samewerking met die Erfenisstigting is in 2012 in die Noorde van die land by die SA Lugmagmuseum by die Swartkop-Lugmagbasis aangebied. Die reëlingskomitee het bestaan uit dr Anton van Vollenhoven, Leonie Marais-Botes, Estelle Pretorius, Cecilia Kruger, Astrid Schwenke, Alida Boshoff en Stephanie Kruger.

Die tema van die kongres was: Die Kultuurgeskiedenis rondom geveg, oorlog en konflik (insluitend die 100-jarige bestaan van die Weermag in Suid-Afrika).

Die kongres is volgens temas in vyf sessies verdeel. Die temas was as volg:

- Militêre gebruike, gewoontes en kultuur;
- Militêre geskiedenis en die belewenis van soldate;
- Die vrou op die tuisfront;
- Huidige navorsing; en
- Militêre strukture en voorwerpe.

Referate van hoogstaande gehalte is gelewer deur Alida Boshoff, Allan Sinclair, H.R. Paterson, Dawid Mouton, André Wessels, Emile Coetzee, Frederika Raubenheimer, Annemarie Carelsen, Fred van Staden, Willem Boshoff, Anton van Vollenhoven, Walter Peters, Kobus du Preez en Daniel Jacobs.

Leonie Marais-Botes

NASIONALE KONGRES 24-25 MEI 2013, LANGGEBOU, NG MOEDERKERK, H/V COURTENAY- EN KERKSTRAAT, GEORGE

Die Nasionale Kongres 2013 van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis (SAVK) vind op George plaas. Die tema is: Kultuurgeskiedenis van Kerke: enige aspek van godsdiens, kerkgeskiedenis of kerkargitektuur. Daar sal ook ‘n aantal OOP sessies wees waar ander onderwerpe aangebied word.

Die reëlingskomitee wil graag al die SAVK-lede en enige ander belangstellendes aanmoedig om die kongres by te woon, ongeag of u ‘n referaat lewer of nie. Die referaataanbiedinge beloof om baie stimulerend te wees, en daar is boonop ‘n baie interessante uitstappie en kongresdinee wat altyd ‘n treffer is.

Leonie Marais-Botes

Petro Coreejes-Brink

NUWE BESTUUR (2012-2014)

Tydens die Nasionale Kongres gehou op 20-21 Julie 2012 in Pretoria is die nuwe bestuur van die SAVK aangekondig. Die nuwe bestuur is as volg:

Dr Anton van Vollenhoven (Voorsitter);
Dr Francois Verster (Onder-Voorsitter);
Annemarie Carelsen (Sekretaris);
Leonie Marais-Botes (Tesourier);
Annemarie van Zyl (sonder portefeulje);
Estelle Pretorius (Redakteur van die tydskrif); en
Petro Coreejes-Brink (Ledesekretaris).

As gevolg van persoonlike redes kon Dr Verster nie sy amp vervul nie en Leonie Marais-Botes is in sy plek as Onder-Voorsitter aangestel en Prof Matilda Burden in sy plek gekoöpteer.

Baie sterkte aan bogenoemde span vir die 2012-2014 termyn.

Kontakinligting van Raadslede is as volg:

Voorsitter:	Anton van Vollenhoven antonv@archaetnos.co.za	083 2916 104
Ondervoors.:	Leonie Marais-Botes leoniembotes@gmail.com	082 576 6253
Redakteur:	Estelle Pretorius	084 337 9505

	navorsing@voortrekkermon.org.za	
Sekretaris:	Annemarie Carelsen	082 808 0529
	acarelsen@gmail.com	
Tesourier:	Leonie Marais-Botes	082 576 6253
	leoniembotes@gmail.com	
Ledesekretaris:	Petro Coreejes-Brink	082 511 5105
	coreejesp@cput.ac.za	

WIE IS ONS VOORSITTER?

Dr Anton van Vollenhoven is reeds sedert 1985 lid van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis (SAVK). Vanaf 1994-1996 was hy sekretaris van die Noordelike streektak (toe genoem Transvaal streektak) en later ondervoorsitter van die bogenoemde streektak. Vanaf 1994-1998 was hy sekretaris van die SAVK. Redakteur van die Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis 2002-2004 en voorsitter 2006-2008 en 2012-2014.

Hy is van 1998 op een of ander manier betrokke by die bestuur van die SAVK. Tans en gedurende Dr Matilda Burden se redakteurskap was hy assistent-redakteur van die SA Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis.

Dr van Vollenhoven het en lewer steeds ‘n besondere bydrae tot die instandhouding en opdatering van die grondwet van die SAVK.

Ook het hy as voorsitter van die akkreditasie komittee opgetree wat gedurende die 2009 kongres in George saamgestel en het die akkreditasie-voorstel vir lede opgestel. Dit kon geen maklike taak gewees het nie.

Dr van Vollenhoven het ook al heelwat artikels vir die SA Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis geskryf.

Uit bogenoemde kan gesien word dat Dok Volla nie net ‘n gewone lid van die SAVK is nie, ek sou sê hy het ‘n buitengewone rol gespeel in die volhoubare bestuur van die SAVK.

Leonie Marais-Botes

DIE AFSKAFFING VAN KULTUURGESKIEDNIS BY DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Die afskaffing van Kultuurgeskiedenis (voor-en nagraads) by die Universiteit van Pretoria maak deel uit van die sogenaamde 2025 Strategiese Beplanning van die Universiteit. Die hoofdoel is om die Universiteit van Pretoria se internasionale profiel te verhoog tot een van die top 100 universiteite in die wêreld. Die manier waarop dit gerealiseer moet word, is om die aantal modules met lae studentegetalle te verminder om sodoende meer tyd vir navorsingsuitsette te gee. Kultuurgeskiedenisgetalle was in die tweede-en derdejaarmodules meestal minder as 15, soms minder as 10. Lize Kriel het na Visuele Studies verskuif en bied sekere Kultuurgeskiednisinhoude daar aan; ons department gaan probeer om van die Kultuurgeskiedenisinhoude in Geskiedenis-en Erfenis- en Kultuurtoerismemodules in te sluit. Op nagraadse vlak sal Kultuurgeskiedenisonderwerpe geakkomodeer kan word, mits dit met die spesialiseringsveld van die bestaande dosente ooreenstem.

Karina Sevenhuysen
Departement Historiese- en Erfenisstudies
Universiteit van Pretoria

NOORDWES UNIVERSITEIT EN PROF MATILDA BURDEN

Ons hartlike gelukwense aan Dr. (nou Professor) Matilda Burden met haar aanstelling as buitengewone professor aan die Departement Geskiedenis en Antieke Kultuur by die Noordwes Universiteit. Nie net is ons trots op haar prestasie nie, maar ook verheug dat sy op hierdie wyse kan voortgaan om die vak Kultuurgeskiedenis te dien. Sy sal spesifiek fokus op nagraadse studente. Gevolglik wil ons lede aanmoedig om hulle studies via haar voort te sit.

Die Raad van die SAVK is verheug oor die vêrsiendheid van die Noordwes Universiteit en vertrou ons dat daar positiewe resultate hieruit sal voortspruit. Die SAVK onderneem om die Universiteit ook in hierdie opsig te ondersteun en sien uit na onderlinge samewerking.

Dr Anton van Vollenhoven
SAVK Voorsitter

SAVK ARGIEF



Die SAVK Argief wat tans by die Erfenisstigting in Pretoria gehuisves word is sowat ses jaar gelede laas georden. Nuwe dokumentasie wat notules, korrespondensie en enkele ander dokumente insluit moet nou georden word.

Is daar enige lid in die Pretoria omgewing wat kans sien om die bestuur by te staan in die ordening van die nuwe dokumente in die SAVK Argief?

Indien u belangstel kontak Anton van Vollenhoven by antonv@archaetnos.co.za

SONNERAD

Die pos van redakteur van die Sonnerad is vakant. Enige lid/belangstellende wat kans sien vir bogenoemde kan Anton van Vollenhoven kontak by antonv@archaetnos.co.za

SABINET-KONTRAKTE

Tydens die raadsvergadering in 2011 het Petro Coreejes-Brink onderneem om ondersoek in te stel na die SAVK se status met betrekking tot die *African Journal Archives (AJA)* projek.

Sy het die volgende gevind. ‘n Lys van gratis tydskrifte van Afrika wat aan alle webgebruikers beskikbaar is, kan op die volgende webblaaie gevind word:

http://www.sabinet.co.za/?page=african-journal-archive
http://www.sabinet.co.za/african-journal-archive/list-of-titles/

Die SAVK tydskrif is ook op hierdie lys. Na ‘n gesprek met personeel by Sabinet het dit duidelik geblyk dat ‘n kontrak bestaan (gedateer Januarie 2010) wat Sabinet die reg gee om die SA Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis van 1984-2007 op die *AJA* te plaas.

Op *SA e-publications* (databasis van Sabinet) is die tydskrif van Vol 15(1) tot Vol 25(2) beskikbaar maar word as deel van die *SA e-publications* databasis verkoop. Hierdie kontrak maak dit duidelik dat Sabinet nie eksklusiewe reg op die tydskrif het nie. Die SAVK kan wel met ander organisasies ooreenkomste sluit aangaande die

beskikbaarstelling van die tydskrif. Die voordele wat byvoorbeeld onderhandelinge met EBSCO kan inhou kan moontlik ondersoek word.

Indien die SAVK ooit sal besluit om die tydskrif op CD te plaas en self uit te gee sal die skandering vooraf gedoen moet word.

Volgens Petro kan bogenoemde baie navorsers help. Op die *AJA* is daar ook ander tydskriftitels wat van belang vir navorsing kan wees.

Petro Coreejes-Brink

LA MOTTE MUSEUM INTRODUCES A SERIES OF INTERESTING TALKS

Thursday, 14 September 2012 Cape Dutch Architecture – Dr Matilda Burden

Thursday, 11 October 2012 Pierneef and what influenced him – Amanda Botha

For more information on the above or future talks contact Ingrid at

+27 (0)21 876 8850 or email museum@la-motte.co.za**.**

FIVE POINT APPROACH FOR CONSERVATION

The aim of heritage conservation is to ensure that the cultural significance of heritage items is maintained over time. While changes may be necessary to adapt heritage buildings to new uses, it is important to ensure that these changes do not compromise the heritage significance if the item

You should follow a logical progression in carrying out conservation work:

- Investigate the physical and documentary **evidence** of the place.
- **Assess the heritage significance** of the place.
- **Develop a conservation and management approach** based on the importance of the place.
- Carry out the **work**.
- Collate a **record** of what you have done.

Leonie Marais-Botes

ADRES, BANKBESONDERHEDE EN LEDEGELD VAN DIE SAVK

ADRES: SA VERENIGING VIR KULTUURGESKIEDENIS
POSBUS 11403
HATFIELD

0028

BANKBESONDERHEDE:

Rekeninghouer:	SA Vereniging vir Kultuurgeskiedenis
Rekeningnommer:	711 681 299
Bank:	ABSA, Andriesstraat, Pretoria
Takkode:	632005

LEDEGELD:

Individue woonagtig in Suid-Afrika	R120-00
Voltydse studente in Suid-Afrika	R60-00
Suid-Afrikaanse instansies	R180-00
Buitelandse lede of instansies	R300-00
Lewenslede	R1000-00

Hierdie uitgawe van die Sonnerad is versorg deur:
Leonie Marais-Botes
Taalversorging Afrikaans:
Taalversorging Engels: